DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

4 Junie 2023



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste* begin *09:30***

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** 1 Tessalonisense 1

**Tema** ***Waarvoor sal God oor jou gedank word?***

**Sang**

Psalm 149: 1, 2
Psalm 25: 2
Psalm 40: 5, 8
Skrifberyming 7-2: 1, 2
Psalm 134: 4
Skrifberyming 14-1: 1, 2, 3

Calvyn het in Straatsburg waar hy predikant was, verwag dat alle voornemende Nagmaalsgangers hulleself gedurende die weke voor die Nagmaal by hom en die ouderlinge sal aanmeld met die oog op die behoorlike voorbereiding vir die gebruik van die Nagmaal. Dit is vir ons 'n bewys van hoe belangrik en hoe ernstig die viering van die Nagmaal in die geskiedenis van die Protestante is. In artikel 62 van die Kerkorde word daar beskryf hoe die Nagmaal gevier moet word. Die vraag is: Het Nagmaalsviering nie by ons maar afgewater geraak nie? As ek hier is, is dit goed, en as ek nie hier is nie is dit ook goed so. Kom ons maak weer erns met Christus se kruisdood as betaling vir ons sonde.

Dit is 'n dankbare Paulus wat hierdie brief skryf aan die gemeente waar hy met sy tweede sendingreis maar net drie sabbatte kon arbei voor hy deur 'n opskudding van die Jode verdryf is.

Dankbaar, want wat kon 3 dae se werk nou werklik tot stand bring? Hierdie evangelie is met blydskap ontvang te midde van verdrukking. En waar die kragtige Woord van die Here ontvang word, daar verander lewens. En deur hulle geloof, hoop en liefde word die Tessalonisense ’n voorbeeld vir al die gelowiges van Griekeland. Daarvoor dank Paulus God, omdat dit ’n kragtige getuienis is van die werk van die Heilige Gees. Dit alles word verbind aan die wyse waarop die evangelie tot hulle gekom het: met woorde, met krag en die Heilige Gees, en met volle oortuiging.

Nuutgemaakte lewens werk in die geloof – Deur die evangelie het die Heilige Gees hulle aan Christus verbind, en hierdie verbintenis het vrug gedra. Hulle geloof was nie net iets abstrak nie, maar het hulle tot daadkrag aangespoor. Geloof aan die werk. Die inspanning van hulle liefde – Ook ’n woord vir “werk”, maar werk met inspanning dat die sweet loop. Die liefde vir God en ons naaste is nie net ’n gevoel nie, dit bring jou ook tot selfverloënende ywer en werk … aangevuur deur God se liefde. Die volharding van hulle hoop – Verby die verdrukking wat hulle tydelik moes ervaar, het hulle volhard. Hulle het vorentoe geleef. Hulle het die Here se koms verwag.

Kyk vandag indringend na jou werk in die gemeente, jou huis en jou eie lewe. Is dit hierdie dinge waarvoor iemand die Here oor jou sou dank? En waar jy sou tekortskiet, gaan dan terug na die ontvang van God se Woord, die evangelie wat tot ons kom met die werkende krag van die Gees van God. Dieselfde krag waarmee Hy ons Here Jesus uit die dood opgewek het, wat ons ook oproep om opnuut weer voor te berei vir Nagmaal.

# OOG VIR MEKAAR




- * Ons bid vir Truia Pretorius wat Donderdag 'n operasie in Unitas ondergaan het. Kudu herstel ook nog na die operasie wat hy ondergaan het. Ons bede is dat ons hemelse Vader julle in die omstandighede sal versterk.
- * Ons innige simpatie en meelewing met Matthew Llewellyn en sy familie wie se pa Donderdag oorlede is. Ons bid julle die bystand en troos van die Heilige Gees toe in hierdie tyd.
- * Ons is dankbaar dat Lynn O'Reilly tuis kan aansterk. Ons bid jou en die kinders die seën van die Here toe in hierdie tyd.
- * Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat die afgelope week in die hospitaal was en 'n klomp toetse ondergaan het. Ons dank die Here dat jy 'n positiewe gees het wat jou deur die tyd dra.
- * Ons is dankbaar dat Marius Kruger tuis is saam met Harriet. Ons bid dat julle nou saam kan herstel.
- * Baie geluk aan Veroneque Lessing wat as leier verkies is by Hoërskool Merensky. Seën vir jou jaar as leier. Ons is dankbaar saam met oupa en oumas en ouers Dawie en Elfrieda vir die mooi kind wat julle groot maak. Sy is ook lid van die eerste hokkiespan.
- * Baie geluk aan Jan-Carel Oosthuizen met die bevestiging as diaken. Seënwense vir jou dienswerk in ons gemeente

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 4 Junie 2023

**Diensbeurt: Wyk 5** **Katkisasie: Hersiening Les 7 - 12**
**Ouderling: Hendrik vd Walt** **Diaken: Comin vd Walt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien na die erediens. Susters sal nie meer genomineer word om na eredienste koffie en tee te bedien nie.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Di) 6 Junie | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 7 Junie | 18:30 | *Kerrk* | Bybelstudie |




# KALENDER




| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Datum*** | ***Naam*** | ***Ouderdom*** | ***Belydend / Doop*** | ***Sel/Tel no.*** |
| (Ma) 5 Jun | **Tilla Engelbrecht** *<br>Elmari vd Merwe | 73<br>58 | B<br>B | 076 789 6543<br>082 450 8045 |
| (Di) 6 Jun | Francois Hoogendyk | 10 | D | 084 802 3323 |
| (Wo) 7 Jun | Braam Schutte<br>Carmi de Witt | 42<br>7 | B<br>D | 082 813 3887<br>084 513 8300 |
| (Vr) 9 Jun | Lacya Grobler<br>Jeandre Nel | 64<br>17 | B<br>D | 082 695 1390<br>083 739 6152 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| (Do) 8 Jun 2019 | Peet & Leoné Oosthuizen | 4 | 073 057 0870<br>083 779 5395 |

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

**Nagmaal sal op 11 Junie 2023 om 09:30 plaasvind.**



Lidmate **MOET** kennis neem dat daar slegs **EEN** diens sal wees.

**Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, daar sal 'n tafel soos voor die Covid tydperk beskikbaar wees.**

Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.

# NAGMAALETE



Lidmate wat die **Nagmaalete op 11 Junie** gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat agter in die portaal is.

Daar gaan **heerlike kerrie en rys met piesang slaai en tamatie salsa bedien word.**

Onthou ook om eie eetgerei en drinkgoed saam te bring.

**ONTHOU ASB ! ! Die susters is verantwoordelik vir nagereg by die Nagmaalete.**

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Maar ék sal sing van u mag, elke môre sal ek jubel oor u trou, want U is vir my 'n veilige vesting, 'n skuilplek in tyd van nood. Tot u eer wil ek sing, U, my Sterkte, want U is my veilige vesting, U is my troue God.**

**Psalm 59:17 en 18**

## KOLLEKTES

**Kollektes Junie 2023**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**4 Junie Teologiese Studente Kas**
**11 Junie Emeritaatsversorging**
**18 Junie GKSA Sustentasie Fonds**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# GEMEENTE KUIERTJIE



**Op Vrydag 23 Junie sal die braaivleis vure weer hoog brand want ons beplan 'n gemeente kuiertjie vanaf 18:00.**

**Bring jou T-bone, Sirlion, Rump of hoender en kom braai lekker saam met ons. Pap en sous is bekikbaar.**

**Onthou asb ook jou eie eetgerei en drinkgoed.**

**Kom en geniet die aand saam met ons.**

Adobe Stock | #145461155

# BOERE-ONTBYT

**Die Aktiwiteitskommissie bied op 22 Julie 2023 vanaf** 08:00 'n heerlike boere-ontbyt aan by die kerk.

**Daar gaan heerlike wors, spek, hoenderlewertjies, pap en eiers, vars gebakte brood met konfyt en nog baie meer bedien word.**



Skryf julle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.

**Vir slegs R70.00 per volwassene en hoërskoolleerder en R40.00 per laerskool kind** is hierdie voorwaar 'n winskoop wat nêrens anders gevind sal word nie.

**ONTHOU asb die datum!!!**

## EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Wees elke dag in elke omstandigheid SOUT**

**Matt 5:13**

**Julle is hier op aarde soos sout wat 'n mens in kos gooi, die regte hoeveelheid maak kos smaaklik.**



**As die sout sy smaak verloor het, hoe kan 'n mens dit weer die smaak teruggee?**

**Jesus sê dat ek en jy wat in Hom glo, hierdie werkplek se sout is.**

**Die manier waarop ek en jy lewe, gee smaak aan almal se lewens.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



**Matt 5:14 Julle is in die wêreld soos lig wat in die donker skyn.**

**Ons sit nie net smaak in die lewe nie, ons maak ook lig.**



**Praat saam….**

**Mense wat God nie ken nie loop in die donker en stamp teen alles.**

**Nooi mense na die LIG, maak hulle daarvan bewus deur jou optrede en gesindheid.**

**Bid vir leiding van die Heilige Gees sonder wie ons tot niks in staat is nie.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Koningskinders<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg<br><br>Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*Ons dank God altyd oor julle almal wanneer ons aan julle dink in ons gebede. Voor God ons Vader onthou ons onophoudelik die uitwerking van julle geloof, die moeitevolle inspanning van julle liefde, en die standvastigheid van julle hoop op ons Here Jesus Christus.*

*1 Tessalonisense 1: 2 & 3*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**